# Hoofstuk van die dag: Matteus 2

> *Toe koning Herodes hiervan hoor, was hy, en die hele Jerusalem saam met hom, hewig ontsteld. (vers 3)*

'n Mens kan verstaan dat koning Herodes ontsteld was om te hoor daar is 'n kind gebore wat as die koning van die Jode

bekend staan. Hý was immers die koning. Maar die hele Jerusalem was saam met hom ontsteld, vertel Matteus ons. Almal Jode, wat gewag het dat die Messias moet kom. Hulle het gehoop en gebid het dat God sy Messias sal stuur om hulle uit die mag van Herodes die Romeine te verlos.
Maar God se antwoord moet tog net asseblief nie hulle wêreld omkrap nie. Dis so 'n delikate politieke balans. Dié storie van 'n koning wat gebore is, gaan net die vrede verstoor. Selfs die gewone mense was ontsteld, want enige iets wat Herodes kwaad maak, gaan op hulle koppe afkom. So asseblief, menere Sterrekykers, gee net pad en los ons in vrede. Ja, ons verlang na 'n Messias, maar nie een wat ons lewens gaan omkrap nie. Die Messias wat ons wil hê, moet een wees wat vir ons rus en vrede en voorspoed bring.
Watter rol moet Jesus in jóú lewe speel?


## Onlangse Bydraes

- Voorspel tot die sondvloed
- Hagar
- Joh 1:14 en 16 Die Woord het mens geword
- Lot se dogters
- Psalm 103 Die Here is vol liefde en ontferming

## Argief

Argief Kies 'n maand

- Lees die Bybel saam met my
- Soos ek dit sien
- Preke
- Gebede
- Kortverhale

- Facebook
- X


© Bybelkoerant 2018 – 2026